

Guiding the leaders of tomorrow

▶ 2024

Hoërskool Olimpiade voorbereidings studiegids

Graad 10

EKONOMIE

**VORIGE VRAESTEL EN MEMO
RONDE EEN EN TWEE
2021 * 2022 * 2023**



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Denkleiers • Leading Minds • Dikgopolo tša Dihlalefi

NELSON MANDELA
UNIVERSITY



UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIBESITHI YA FREISTATA

WSU
Walter Sisulu University
In pursuit of excellence



FASSET
Make the future count



DUT
DURBAN UNIVERSITY OF TECHNOLOGY
INYUVESI YASETHEKWINI YEZOBUCHWEPHESHE
Creative. Distinctive. Impactful.

PC Training
& BUSINESS COLLEGE
EST 1990

NELSON MANDELA UNIVERSITY



Change the World by applying for a qualification in one of the following study fields:

Accounting • Advertising • Afrikaans • Agricultural Management • Analytical Chemistry • Anthropology • Applied Design • Applied Mathematics • Architectural Technology • Architecture • Art • Auditing • Biochemistry • Biokinetics • Botany • Broadcasting • Building • Business Management • Business Studies • Ceramic Design • Chemistry • Civil Engineering • Clinical Psychology • Computer Science • Communication Networks (IT) • Conservation Biology • Construction Economics • Construction Management • Construction Studies • Counselling Psychology • Chemical Process Technology • Development Studies • Dietetics • Economics • Ecology • Education • Electrical Engineering • English • Environmental Health • Environmental Management • Emergency Medical Care (Paramedic) • Fashion • Financial Accounting • Financial Planning • Fine Art • Foundation Phase Teaching • Forestry • French • FET Teaching • Game Ranch Management • Geography • Geology • Graphic Design • History • Hospitality Management • Human Movement Science • Human Resource Management • Human Settlement Development • Industrial Psychology • Industrial Engineering • Information Systems • Information Technology • Inorganic Chemistry • Interior Design • Internal Auditing • Inventory Management • Intermediate Phase Teaching • isiXhosa • Journalism • Language & Literature • Law • Logistics • Management • Marine Biology • Marine Engineering • Marketing • Mathematics • Mechanical Engineering • Mechatronics • Media, Communication & Culture • Microbiology • Music • Medical Laboratory Science • Medicine & Surgery • Nature Conservation • Nursing • Operations Management • Painting • Pharmacy • Philosophy • Physiology • Photography • Physics • Political Studies • Polymer Technology • Psychology • Public Administration • Public Management • Public Relations Management • Quality Management • Quantity Surveying • Radiography (Diagnostic) • Restoration Ecology • Renewable Energy • Sculpture • Senior Phase Teaching • Social Work • Sociology • Software Development • Sport Management • Sport Science • Statistics • Support Services (IT) • Taxation • Textile Design & Technology • Tourism • Transport Economics • User Support Services (IT) • Visual Arts • Wood Technology • Zoology



Change the World

E info@mandela.ac.za

T 041 504 1111

myfuture.mandela.ac.za



EKONOMIE

GRAAD 10

Olimpiade Vraestel

Ronde Een

Punte: 30

Tyd: 1 uur

Datum: 12 Mei 2021

Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 4 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D)
Slegs een antwoord is korrek.
Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!



PROVERTO EMS OLIMPIADE 2021 – GRAAD 10

EKONOMIE

RONDE 1

BASIESE EKONOMIESE KONSEPTE

1. Ekonomie fokus op:
 - A beperkte behoeftes en onbeperkte middele.
 - B beperkte behoeftes en beperkte middele.
 - C onbeperkte behoeftes en onbeperkte middele.
 - D onbeperkte behoeftes en beperkte middele.

2. Clive en Sarah besoek 'n plaaslike restaurant wat 'n spesiale aanbod op die onbeperkte hervulling van 'n glas koeldrank teen 'n vasgestelde prys van R29 het. Die beginsel van toepassing is:
 - A vraag en aanbod.
 - B prysvasstelling.
 - C marginale nut.
 - D geleentheidskoste.

3. As 'n wetenskap, bestudeer makro-ekonomie:
 - A hoe die individuele rolspeler in die ekonomie reageer.
 - B inflasie, nasionale inkome, bruto binnelandse produk (BBP), en veranderings in werkloosheid.
 - C wat waarskynlik sal gebeur as individue sekere keuses maak.
 - D vraag en aanbod van al die huishoudings en produsente in die ekonomie.

4. As gevolg van grendelregulasies wat weens die Covid-pandemie ingestel is, het die totale produksie van goedere in die ekonomie gedaal. Dit sal tipies gesien word as deel van:
 - A positiewe ekonomie.
 - B normatiewe ekonomie.
 - C mikro-ekonomie.
 - D makro-ekonomie.

DIE EKONOMIESE PROBLEEM

5. Natuurlike hulpbronne kan buite die gebied van skaarsheid val. Watter een van die volgende redes is NIE korrek nie?
 - A Alles wat beskikbaar is in feitlik oneindige voorraad wat verbruik kan word sonder 'n koste, is nie skaars nie.
 - B Verbruikers is ongeërg teenoor 'n hulpbron en het miskien geen begeerte om dit te verbruik nie.
 - C Omdat verbruikers nie daarvan bewus is nie, of dat die potensiële gebruik daarvan geen nut het nie.
 - D Daar is 'n onbeperkte aanbod van natuurlike hulpbronne en die koste om dit te gebruik beloop R0.



DURBAN UNIVERSITY OF TECHNOLOGY
INYUVESI YASETHEKWINI YEZOBUCHWEPHESHE

2025

Applications to Study @DUT

Open



**Apply today via the
Central Applications Office (CAO):**

WWW.CAO.AC.ZA 🔍

For more information on our programmes visit: www.dut.ac.za

DurbanUniversityOfTechnology @DUT_Tweets @DUTCampusTV @DUT_Official1
 @DUT_Official Durban University Of Technology

ENVISION2030

transparency • honesty • integrity • respect • accountability
fairness • professionalism • commitment • compassion • excellence

CREATIVE. DISTINCTIVE. IMPACTFUL.

6. Entstowwe vir Covid-19 word deur verskeie farmaseutiese maatskappye in groot hoeveelhede geproduseer. Die entstof kan beskryf word as:

- A skaars.
- B relatief skaars.
- C vrye goed.
- D relatiewe vrye goed.

7. 'n Skubaduiker gebruik saamgepersde lug wanneer hy duik. Hy betaal R60 om sy silinder te hervul. Die saamgepersde lug kan gesien word as 'n _____ goed.



- A ekonomiese
- B vrye
- C positiewe
- D onbeperkte

8. Die ekonomiese sektor wat deur die volgende foto uitgebeeld word, kan die beste beskryf word as die:



- A primêre sektor.
- B sekondêre sektor.
- C tersiêre sektor.
- D dienste sektor.

9. Suiker word deur 'n fabriek gebruik om suikerstroop te vervaardig, wat gebruik word vir die vervaardiging van koeldrank. Die koeldrank kan die beste beskryf word as 'n:

- A finale goed.
- B intermediêre goed.
- C verbruikersgoed.
- D kapitaalgoed.


10. Nadat die grendelregulasies verslap is, besluit die bestuur van die plaaslike dieretuin om 100 gratis kaartjies beskikbaar te stel aan besoekers, terwyl ander besoekers kaartjies teen 'n verlaagde prys kan koop. Die besoek aan die dieretuin kan die beste beskryf word as uitsluitbaar omdat:

- A min mense bereid is om kaartjies te koop ten einde die dieretuin te besoek.
- B kaartjies teen betaling nie beperk word nie en as sodanig in groot hoeveelhede beskikbaar is.
- C die dieretuin deur net 100 mense gratis besoek kan word.
- D dit moontlik is om te verhoed dat iemand wat nie oor 'n kaartjie beskik nie, die dieretuin besoek.


DIE SIRKULÊRE VLOEI

- 11.** Die handel tussen verkopers in Suid-Afrika en kopers in die res van Afrika kan beskryf word as:
- A** buitelandse handel.
 - B** internasionale handel.
 - C** nasionale handel.
 - D** entrepot handel.
- 12.** In 'n geslote ekonomie speel die ____-sektor nie 'n rol nie.
- A** verbruiker
 - B** produsent
 - C** regering
 - D** buitelandse
- 13.** Owerheidsbesteding sluit die:
- A** salarisse en lone aan werkers in die privaatsektor in.
 - B** winste van produsente en die verbruik van huishoudings in.
 - C** betaling vir invoer na Suid-Afrika in.
 - D** uitgawes aan dienste gelewer deur die regering in.
- 14.** Watter een van die volgende is die mees korrekte stelling ?
- A** 'n Oop ekonomie het beperkte reëls en regulasies ten opsigte van handelsaktiwiteite met buitelandse ekonomieë.
 - B** Die doel van 'n oop ekonomie is om aan binnelandse verbruikers alles van buite die landsgrense te voorsien.
 - C** Die handhawing van 'n geslote ekonomie is relatief maklik in die moderne samelewing, aangesien behoeftes en begeertes onbeperk is en plaaslike produsente die meeste daarvan kan vervul.
 - D** Wanneer 'n regering kwotas, subsidies en tariewe oplê, beïnvloed dit invoer- en uitvoeraktiwiteite.

Bestudeer die volgende grafiek wat die Suid-Afrikaanse jaarlikse BBP-groei koers aandui en beantwoord vrae 15 en 16.




15. Die ekonomiese groei koers in die vier kwartale wat begin in Januarie 2018 en eindig einde Desember 2018 kan die beste beskryf word as 'n hoofsaaklik _____ ekonomiese groei koers vir Suid-Afrika.
- A positiewe
 - B negatiewe
 - C statiese
 - D dalende
16. Die verandering in die ekonomiese groei koers vanaf -17.5% tot -6.2% kan die beste beskryf word as 'n:
- A positiewe groei koers teen 'n dalende tempo.
 - B negatiewe groei koers teen 'n stygende tempo.
 - C positiewe groei koers teen 'n stygende tempo.
 - D negatiewe groei koers teen 'n dalende tempo.
17. Watter een van die volgende is 'n voorbeeld van duursame verbruikersgoedere?



KWANTITATIEWE ELEMENTE

18. Watter een van die volgende sal die beste manier wees om lande te klassifiseer ten opsigte van die grootte van hulle ekonomieë?
- A Die aantal goedere en dienste wat gedurende 'n jaar in elk van hierdie lande geproduseer word.
 - B Die BNP van elk van hierdie lande.
 - C Die waarde van alle goedere en dienste wat binne 'n spesifieke periode binne elke land se grense geproduseer word.
 - D Berekeninge met behulp van 'n prysdeflator om die waarde van die totale invoer en uitvoer van hierdie lande te bereken.


Bestudeer die volgende grafiek wat die Suid-Afrikaanse BBP per capita toon en beantwoord vrae 19 tot 21.



19. In 2018 was die BBP per capita _____ as die BBP per capita in 2014.
- A 1.97% laer
 - B 1.97% hoër
 - C 2.01% laer
 - D 2.01% hoër
20. Die BBP per capita word bepaal deur:
- A die bydrae van beide die finansiële sektor en die buitelandse sektor te ignoreer wanneer 'n ekonomiese model opgestel word.
 - B die BNP met die inverse van die prysdeflator te vermenigvuldig sodat inflasie se effek uitgeskakel kan word.
 - C invoere af te trek en uitvoere by die nasionale inkomesyfers te voeg.
 - D die produksie van finale goedere en dienste binne die geografiese grense van die land deur die totale bevolking te deel.
21. Die verandering in die BBP per capita tussen 2018 en 2019 kan toegeskryf word aan:
- A 'n afname in beide die BBP en die bevolkingsgrootte.
 - B 'n toename in beide die BBP en die bevolkingsgrootte.
 - C 'n afname in die BBP en 'n toename in die bevolkingsgrootte.
 - D 'n toename in die BBP en 'n afname in die bevolkingsgrootte.

22. Watter een van die volgende is die beste beskrywing vir 'n sakesiklus?
- A Die skommeling in die BBP langs die langtermyn groeieiging.
 - B Sikliese bewegings in die BBP per capita op die kort termyn.
 - C Die periodieke, maar onreëlmatige op-en-af bewegings in markaktiwiteite.
 - D Die veranderinge in vraag en aanbod soos geïllustreer deur middel van elasticiteit.


Bestudeer die volgende illustrasie van die sakesiklus en beantwoord vrae 23 tot 25.



23. Watter punte dui op 'n negatiewe ekonomiese groei teen 'n dalende koers?
- A AB
 - B BC
 - C CD
 - D DE
24. Tussen watter punte is die ekonomie besig om te krimp?
- A AB
 - B BC
 - C CD
 - D DE
25. Tydens die eerste grendelperiode wat Suid-Afrika beleef het (Maart – April 2020) sou 'n mens verwag dat die vlak van ekonomiese aktiwiteite sou val tussen punte:
- A AB
 - B BC
 - C CD
 - D DE
26. Watter een van die volgende aanwysers sal 'n groot invloed hê op die reële ekonomiese groei in Suid-Afrika?
- A Goudmynbou, bouplanne goedgekeur en geboue voltooi, asook inflasie.
 - B Myn-, kleinhandel- en groothandelsverkope, elektriese stroom opgewek.
 - C Verbruikersbesteding, bydrae tot die primêre sektor, aantal nuwe voertuie verkoop.
 - D Bouplanne goedgekeur en geboue voltooi, dienste gelewer en uitvoer.

27. Watter een van die volgende sou as 'n tipiese kenmerk van 'n resessie beskou kan word?
- A Privaatverbruiksbesteding begin styg.
 - B Investering neem af aangesien aanvangskoste laag is.
 - C Onverkoopte goedere stapel op weens die lae huishoudelike vraag.
 - D Uitset- en indiensnemingsvlakke word verhoog.
28. Watter EEN van die volgende is WAAR gedurende 'n fase van welvaart in die ekonomie?
- A Inkomste, indiensneming, produksie en prysvlak is geneig om af te neem.
 - B 'n Styging in totale vraag en koste lei tot 'n afname in beleggings- en prysvlak.
 - C Die bestaande kapasiteit van produksie-eenhede word onderbenut.
 - D Skaarste aan hulpbronne lei tot stygende koste.
29. 'n Sloerende aanwyser van ekonomiese aktiwiteite kan die beste beskryf word as 'n aanwyser wat die neiging van die ekonomie of die mark aandui:
- A voor dit plaasgevind het.
 - B nadat dit plaasgevind het.
 - C soos dit voorkom.
 - D op sy laagste punt.

Bestudeer die volgende grafiese voorstelling van ekonomiese aanwysers en sakesiklusse, en beantwoord vraag 30.



30. Watter grafiek dui op 'n sloerende aanwyser?
- A Grafiek A
 - B Grafiek B
 - C Grafiek C
 - D Grafiek D

#KiesUP

Maak jou toekomsdrome waar #KiesUP



Ons grade word **internasionaal** erken.



Ons **alumni** is baie gesog.




Ons het **ondersteuningsprogramme** om ons studente te help om suksesvol te wees.



Ons help om jou **voor te berei** op die **wêreld van werk**.

Jou toekoms maak saak.

www.up.ac.za/programmes



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Make today matter

www.up.ac.za

EKONOMIE

GRAAD 10

Olimpiade Vraestel

Ronde Een

Punte: 30

Tyd: 1 uur

Datum: 11 Mei 2022

Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 4 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D)
Slegs een antwoord is korrek.
Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!



BASIESE EKONOMIESE KONSEPTE

1. Die studie van ekonomie fokus in wese op:
 - A vraag.
 - B aanbod.
 - C keuse.
 - D ewewig.

2. Ekonomie maak gebruik van verskillende metodes om data te bekom en ekonomiese verskynsels te verduidelik. Watter metode sal die minste effektief wees vir die verkryging van ekonomiese data en om ekonomiese verskynsels te verduidelik?
 - A Eksperimente
 - B Modelle
 - C Grafieke
 - D Navorsing

3. 'n Verbruiker bestel 'n hoenderburger-en-koeldrankkombinasie wat op spesiale aanbieding is in plaas van die gewone biefburger wat sy verkies. Dit is 'n tipiese voorbeeld van:
 - A skaarsheid.
 - B marginale nut.
 - C vraag.
 - D geleentheidskoste.

4. Ekonomie analiseer menslike gedrag. As sodanig kan ekonomie geklassifiseer word as 'n:
 - A sosiale wetenskap.
 - B ekonomiese wetenskap.
 - C bestuurswetenskap.
 - D wiskundige wetenskap.

5. In 'n studie gee 'n ekonoom geen of baie min aandag aan spesifieke eenhede wat verskillende aggregate (totale) uitmaak. Hierdie studie kan die beste beskryf word as op die gebied van _____ ekonomie.
 - A makro
 - B mikro
 - C positiewe
 - D negatiewe

6. Alle persone moet gratis toegang tot wi-fi hê om hul lewenstandaard te verhoog. Hierdie stelling kan die beste gesien word as deel van:
 - A positiewe ekonomie.
 - B normatiewe ekonomie.
 - C negatiewe ekonomie.
 - D moderne ekonomie.

7. Die vraag wat alle verbruikers vir die nuutste iPhone het, vorm deel van:
- A internasionale ekonomie.
 - B monetêre ekonomie.
 - C mikro-ekonomie.
 - D makro-ekonomie.
8. 'n Verbruiker in 'n kitskosrestaurant moet besluit watter kos om te bestel wanneer hulle by die toonbank aankom. Wanneer hierdie besluit geneem word, is die verbruiker besig:
- A met behoeftebevrediging.
 - B om marginale koste en marginale voordele te vergelyk.
 - C om skaars produksiefaktore te verbruik.
 - D om perfekte besluite te neem.
9. Die konsep *ceteris paribus* beteken dat:
- A begeertes en behoeftes onbeperk is.
 - B begeertes dieselfde as behoeftes is.
 - C vraag en aanbod altyd gelyk sal wees.
 - D 'n veranderlike konstant gehou word.

DIE EKONOMIESE PROBLEEM

10. 'n Produk slaag nie daarin om 'n prys op die goederemark te behaal nie. Die vraag na hierdie produk is egter groter as die aanbod daarvan. Hierdie produk kan die beste beskryf word as een wat:
- A gratis is.
 - B skaars is.
 - C onbeperkte beskikbaarheid het.
 - D geen nut het nie.
11. 'n Produk kan beskryf word as relatief skaars wanneer dit 'n:
- A beperkte vraag en onbeperkte aanbod het.
 - B onbeperkte aanbod en onbeperkte vraag het.
 - C beperkte vraag en beperkte aanbod het.
 - D onbeperkte vraag en beperkte aanbod het.
12. Die kurwe wat verskillende kombinasies van Produk A en Produk B toon wat 'n verbruiker met 'n spesifieke inkomste van X kan koop, staan bekend as 'n:
- A produksiemoontlikheidskurwe.
 - B vraagkurwe.
 - C aanbodkurwe.
 - D begrotingsbeperkingskurwe.

13. Kapitaalgoedere verskil van verbruikersgoedere omdat:
- A verbruikersgoedere behoeftes bevredig, terwyl kapitaalgoedere die produksie van verbruikersgoedere moontlik maak.
 - B verbruikersgoedere behoeftes bevredig, terwyl kapitaalgoedere die produksie van vrye goedere moontlik maak.
 - C kapitaalgoedere behoeftes bevredig en verbruikersgoedere die produksie van verbruikersgoedere help.
 - D kapitaalgoedere na geld verwys as `n ekonomiese hulpbron.
14. Wanneer grond, arbeid, kapitaal en entrepreneurskap gekombineer word, staan dit bekend as:
- A vervaardigde hulpbronne.
 - B faktore van aanbod.
 - C vrye goedere.
 - D insette.
15. Die sektor wat gemoeid is met die aanbieding van nie-tasbare goedere en dienste aan verbruikers, byvoorbeeld toerisme, staan bekend as die _____ sektor.
- A primêre
 - B sekondêre
 - C tersiêre
 - D kwartiel
16. Sout word deur `n huishouding gekoop om gebruik te word wanneer kos gemaak word. Sout sal geklassifiseer word as `n:
- A finale goedere.
 - B intermediêre goedere.
 - C produksiegoedere.
 - D kapitaalgoedere.
17. Straatligte kan as nie-uitsluitend beskryf word omdat dit:
- A gedefinieer word deur onbepaalde menslike behoeftes en begeertes aan die een kant en skaarsheid aan die ander kant.
 - B nie skaars is nie en as sodanig beskikbaar is in groot hoeveelhede.
 - C gelyktydig deur `n onbepaalde aantal verbruikers geniet kan word.
 - D onmoontlik is om te verhoed dat iemand wat nie daarvoor betaal het nie, die voordele daarvan geniet.

DIE SIRKULÊRE VLOEI

18. `n Maatskappy in Suid-Afrika koop goedere van `n maatskappy in Botswana aan. Dit kan beskryf word as:
- A makro-handel.
 - B internasionale handel.
 - C nasionale handel.
 - D entrepot handel.

19. Watter sektor word uitgesluit in 'n geslote ekonomie?
- A Verbruiker
 - B Produsent
 - C Regering
 - D Buiteland
20. Die algemene funksie van die owerheidsektor in die sirkulêre vloei-model is om:
- A produkte en dienste te produseer.
 - B die omgewing waarin die ekonomie kan funksioneer, te skep.
 - C belasting te hef.
 - D produksiefaktore te verskaf.
21. Die sirkulêre vloei-model verteenwoordig die vloei van:
- A vraag, aanbod en ewewig.
 - B produksie, inkomste en besteding.
 - C huishoudings, maatskappye en die regering.
 - D begeertes, behoeftes en skaarsheid.
22. Huur, lone, rente en winste verteenwoordig die:
- A geld wat uit Suid-Afrika vloei wanneer ons goedere en dienste invoer.
 - B vloei van goedere van produsente via die goederemarkte na huishoudings en ander gebruikers van hierdie goedere.
 - C vergoeding van produksiefaktore vir deelname aan die ekonomie.
 - D besparings van die deelnemers aan die ekonomiese vloei-model.
23. Watter rol vervul huishoudings in 'n basiese twee-sektor sirkulêre vloei-model?
- A Spandeer hul inkomste in die produktemark.
 - B Koop hulpbronne van maatskappye.
 - C Ontvang inkomste via die produktemark.
 - D Produseer produkte.
24. 'n Voorbeeld van **duursame goedere** is:
- A kos.
 - B klere.
 - C stoof.
 - D grimering.

KWANTITATIEWE ELEMENTE

25. Volgens 'n ekonomiese verslag is die ekonomie van Land A 5% groter as die ekonomie van Land B. Dit illustreer dat:

- A die waarde van die geldeenheid in Land A hoër is as dié van Land B.
- B meer goedere en dienste in Land A geproduseer is as in Land B.
- C die waarde van alle goedere en dienste wat in 'n jaar binne Land A se grense geproduseer word, groter is as dié van Land B.
- D die waarde van invoere uit Land A groter is as die netto uitvoere van Land B na Land A in 'n gegewe jaar.

26. Die BBP vir Land A en Land B word verskaf:

	2020	2021
Land A	R3 385 000	R3 495 000
Land B	R3 408 000	R3 508 000

Volgens hierdie inligting, het die BBP van:

- A Land A van 2020 tot 2021 met 3,24% afgeneem.
- B Land A van 2020 tot 2021 met 3,24% toegeneem.
- C Land B van 2020 tot 2021 met 2,85% toegeneem.
- D Land B van 2020 tot 2021 met 2,85% afgeneem.

27. Die basiese verskil tussen 'n land se BBP en BNI is dat die:

- A BBP op ligging en BNI op eienaarskap gebaseer is.
- B BBP op eienaarskap en BNI op ligging gebaseer is.
- C BNI en BBP nie verwant aan mekaar is nie.
- D BNI in Rand gemeet word en BBP in volume.

28. Die reële BBP per capita verskil van die nominale BBP per capita aangesien dit:

- A die land se BBP deur die totale bevolking deel.
- B invoere aftrek en uitvoere byvoeg.
- C die buitelandse sektor ignoreer.
- D die effek van inflasie uitskakel.

29. 'n Toename in die reële BBP per capita met verloop van tyd word die beste beskryf as:

- A 'n besigheidsiklus.
- B 'n tydperk van resessie.
- C ekonomiese groei.
- D inflasionêre oplewing.

30. 'n Land ervaar 'n fase van ekonomiese groei en algehele welvaart in die ekonomie. Watter een van die volgende stellings is waar?
- A Inkomste, uitgawes en produksie is geneig om te daal.
 - B Beleggings, spaargeld en besteding daal.
 - C Bestaande kapasiteit van produsente word onderbenut.
 - D Produksiefaktore is relatief skaars.

EKONOMIE

GRAAD 10

Olimpiade Vraestel

Ronde Een

Punte: 30

Tyd: 1 uur

Datum: 10 Mei 2023

Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 4 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D)
Slegs een antwoord is korrek.
Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!



BASIESE EKONOMIESE KONSEPTE

- 1.** Watter van die volgende beskryf die basiese ekonomiese probleem die beste?
 - A Hoe om goedere en dienste doeltreffend te produseer.
 - B Hoe om goedere en dienste regverdig te versprei.
 - C Hoe om onbeperkte behoeftes met beperkte hulpbronne te bevredig.
 - D Hoe om winste vir besighede te maksimeer.

- 2.** Watter van die volgende is NIE 'n effektiewe manier om ekonomiese data en statistieke in te samel nie?
 - A Waarneming van ekonomiese aktiwiteite.
 - B Die maak van aannames gebaseer op persoonlike ervarings.
 - C Onderhoude met kundiges en leiers in die bedryf.
 - D Ontleding van regerings- en ander verslae, byvoorbeeld die SARB Kwartaalblad.

- 3.** Watter van die volgende is NIE een van die drie basiese ekonomiese vrae nie?
 - A Vir wie om te produseer?
 - B Wat om te produseer?
 - C Hoe om te produseer?
 - D Wanneer om te produseer?

- 4.** Watter van die volgende is NIE 'n produksiefaktor nie?
 - A Kapitaal
 - B Arbeid
 - C Grond
 - D Geld

- 5.** Watter van die volgende stellings beskryf geleentheidskoste die beste?
 - A Dit is die koste om een bykomende of addisionele eenheid van 'n goed of diens te produseer.
 - B Dit is die waarde van die naasbeste alternatief wat prysgegee word wanneer 'n keuse gemaak word.
 - C Dit is die totale koste om 'n goed of diens te lewer, insluitend alle insette.
 - D Dit is die produksiekoste wat direk verband hou met die uitsette wat gelewer word.

- 6.** Watter van die volgende scenario's illustreer die konsep van skaarsheid die beste?
 - A 'n Maatskappy wat 10 000 eenhede van 'n produk vervaardig met 'n onbeperkte aanbod van hulpbronne.
 - B 'n Regering wat die minimum loon verhoog om te verseker dat werkers regverdig betaal word.

- C 'n Gesin wat besluit om hul vakansiebegroting op 'n reis na Europa te spandeer in plaas van 'n bootvaart.
- D 'n Besigheid wat in nuwe tegnologie belê om doeltreffendheid en produktiwiteit te verhoog.
7. 'n Maatskappy wil produksie uitbrei deur 'n nuwe fabriek in 'n landelike gebied te bou. Watter van die volgende is 'n moontlike nadeel van hierdie besluit?
- A Verhoogde ekonomiese groei en werksgeleenthede in die landelike gebied.
- B Verlaagde vervoerkoste as gevolg van die fabriek se ligging.
- C Negatiewe omgewingsimpakte op die omliggende gebied.
- D Toenemende mededinging vir arbeid en hulpbronne in die stedelike gebied.
8. Watter van die volgende is 'n voorbeeld van 'n positiewe ekonomiese stelling?
- A Besoedeling is sleg vir die omgewing.
- B Die regering moet gratis gesondheidsorg aan alle burgers verskaf.
- C Die werkloosheidsyfer in Suid-Afrika is tans 30%.
- D Almal behoort toegang te hê tot bekostigbare behuising.
9. Watter van die volgende is 'n mikro-ekonomiese konsep?
- A Markewewig
- B Werkloosheidsyfer
- C Inflasiekoers
- D Fiskale beleid

DIE EKONOMIESE PROBLEEM

10. Watter van die volgende is die mees waarskynlike gevolg van skaarsheid?
- A Verhoogde mededinging om hulpbronne.
- B Verminderde mededinging om hulpbronne.
- C Verhoogde beskikbaarheid van hulpbronne.
- D Verminderde beskikbaarheid van hulpbronne.
11. Watter van die volgende is die beste voorbeeld van 'n geleentheidskoste?
- A Spandeer tyd om videospelletjies te speel in plaas daarvan om te oefen.
- B Spandeer tyd om TV te kyk in plaas daarvan om te studeer.
- C Spandeer geld op 'n konsertkaartjie in plaas daarvan om kruideniersware te koop.
- D Spandeer geld aan 'n nuwe paar skoene in plaas daarvan om dit te spaar.
12. Jy is 'n besigheidseienaar en een van jou produkte is in groot aanvraag. Wat is die beste stap wat jy kan neem om te verseker dat jy kan voortgaan om hierdie produk te produseer, selfs al word hulpbronne skaarser in die toekoms?

- A Verhoog die prys van die produk.
- B Vind alternatiewe hulpbronne om die produk te produseer.
- C Belê in navorsing en ontwikkeling om meer doeltreffende maniere te vind om die produk te produseer.
- D Hou op om die produk nou te produseer en wag vir 'n paar jaar totdat die vraag dramaties toegeneem het en stel dan die produk weer teen 'n hoër prys aan die mark bekend.

13. Hoe beïnvloed die aankoop van kapitaalgoedere 'n firma se produksievermoë?

- A Dit het geen effek nie.
- B Dit verhoog produksievermoë.
- C Dit verminder produksievermoë.
- D Die effek hang af van die tipe kapitaalgoed.

14. Watter van die volgende is 'n kenmerk van arbeid as produksiefaktor?

- A Dit verwys na die fisiese en geestelike inspanning wat mense in die produksieproses uitoefen.
- B Dit sluit geld, aandele en effekte in wat gebruik kan word om produksie te finansier.
- C Dit verwys na die vermoë om risiko's te neem en in die produksieproses te innoveer.
- D Dit bevat masjinerie, gereedskap en ander toerusting wat in die produksie gebruik word.

15. Wat is die belangrikste verskil tussen hernubare en nie-hernubare hulpbronne?

- A Hernubare hulpbronne kan mettertyd natuurlik vervang word, terwyl nie-hernubare hulpbronne nie kan nie.
- B Hernubare hulpbronne is duurder om te onttrek as nie-hernubare hulpbronne.
- C Nie-hernubare hulpbronne is meer volhoubaar as hernubare hulpbronne.
- D Nie-hernubare hulpbronne word meer gereeld gebruik as hernubare hulpbronne.

16. Hoe dra entrepreneurskap by tot die ekonomie?

- A Deur arbeid vir die produksieproses te verskaf.
- B Deur in kapitaalgoedere te belê.
- C Deur nuwe produkte en dienste te skep.
- D Deur natuurlike hulpbronne vir produksie te verskaf.

17. Watter van die volgende stellings verduidelik die beste waarom vrye goedere nie 'n prys het nie?

- A Gratis goedere is nie waardevol vir verbruikers nie.
- B Die aanbod van gratis goedere is onbeperk.
- C Die vraag na gratis goedere is laag.
- D Die koste van die vervaardiging van gratis goedere is weglaatbaar.

DIE SIRKULÊRE VLOEI

- 18.** Watter van die volgende is 'n voorbeeld van 'n produksiefaktor in die sirkulêre vloei van ekonomiese aktiwiteit?
- A 'n Verbruiker wat 'n nuwe motor koop.
 - B 'n Besigheidseienaar wat geld by 'n bank leen.
 - C 'n Fabriekswerker wat 'n produk aanmekaarsit.
 - D 'n Regeringsagentskap wat belasting invorder.
- 19.** Watter van die volgende is 'n voorbeeld van 'n lekkasie in die sirkulêre vloei van ekonomiese aktiwiteit?
- A 'n Besigheid wat in nuwe toerusting belê.
 - B 'n Verbruiker wat 'n nuwe motor koop.
 - C 'n Regering wat subsidies aan boere verskaf.
 - D 'n Huishouding wat geld in 'n bankrekening spaar.
- 20.** Hoe verskil die regering se rol in die sirkulêre vloei van ekonomiese aktiwiteit van die rol van huishoudings en besighede?
- A Die regering is 'n produsent van goedere en dienste, terwyl huishoudings en besighede verbruikers is.
 - B Die regering reguleer ekonomiese aktiwiteit, terwyl huishoudings en besighede betrokke raak by marktransaksies.
 - C Die regering vorder belasting in en verskaf openbare goedere, terwyl huishoudings en besighede goedere en dienste produseer en verbruik.
 - D Die regering belê in infrastruktuur en navorsing, terwyl huishoudings en besighede spaar en belê in finansiële markte.
- 21.** Watter sektor van die ekonomie koop verbruikersgoedere en -dienste van die sakesektor aan in die sirkulêre vloei-model?
- A Huishoudings
 - B Regering
 - C Buitelandse sektor
 - D Finansiële sektor
- 22.** Wat gebeur met die vloei van geld in die sirkulêre vloei-model wanneer die regering belasting op huishoudings hef?
- A Die vloei van geld van huishoudings na besighede neem toe.
 - B Die vloei van geld van besighede na huishoudings neem toe.
 - C Die vloei van geld van huishoudings na die regering neem toe.
 - D Die vloei van geld van die regering na besighede neem toe.
- 23.** Watter van die volgende is 'n voorbeeld van 'n nie-duursame goed?

- A 'n Slimfoon
 - B 'n Sjokoladestafie
 - C 'n Paar jeans
 - D 'n Potlood
- 24.** Watter van die volgende strategieë sal die doeltreffendste wees om die verkope van nie-duursame goedere te bevorder?
- A Bied langtermynversekering en waarborge aan.
 - B Die verskaffing van afslag en promosie-aanbiedinge.
 - C 'n Verhoging in die prys van die produk.
 - D Vermindering van die hoeveelheid geld wat aan advertensies van die produk bestee word.

KWANTITATIEWE ELEMENTE

- 25.** Watter van die volgende stellings geld ten opsigte van BBP en BNP?
- A BBP meet die waarde van alle goedere en dienste wat binne 'n gegewe tydperk binne 'n land se grense geproduseer word, terwyl BNP die waarde meet van alle goedere en dienste wat deur 'n land se burgers geproduseer word, ongeag hul ligging.
 - B BBP meet die waarde van alle goedere en dienste wat deur 'n land se burgers geproduseer word, ongeag hul ligging, terwyl BNP die waarde meet van alle goedere en dienste wat binne 'n gegewe tydperk binne 'n land se grense geproduseer word.
 - C BBP en BNP is dieselfde en kan as sinonieme gebruik word.
 - D BBP en BNP meet albei die waarde van alle goedere en dienste wat binne 'n gegewe tydperk binne 'n land se grense geproduseer word.
- 26.** Watter van die volgende verduidelik die beste waarom BNP hoër kan wees as die BBP vir 'n land?
- A Die land het 'n groot aantal buitelandse burgers wat binne sy grense woon en werk.
 - B 'n Groot aantal van die land se burgers woon en werk buite die grense van hulle eie land.
 - C Die land het 'n groot handelstekort met ander lande.
 - D Die land het 'n groot handelsoorskot met ander lande.
- 27.** As die BBP in 2020 R500 miljard was en dit in 2021 tot R550 miljard toegeneem het, wat was die verandering in BBP van 2020 na 2021?
- A $\frac{500 - 550}{550} \times \frac{100}{1}$

B $\frac{500 + 550}{550} \times \frac{100}{1}$

C $\frac{500 - 550}{500} \times \frac{100}{1}$

D $\frac{550 - 500}{500} \times \frac{100}{1}$

SAKESIKLUSSE

- 28.** Watter van die volgende is NIE 'n kenmerk van 'n resessie nie?
- A Hoë werkloosheidsyfers.
 - B Afname in BBP.
 - C Toename in staatsbesteding.
 - D Afname in verbruikersbesteding.
- 29.** Watter van die volgende is die fase van die sakesiklus wat gekenmerk word deur hoë werkloosheidsyfers, lae verbruikersvertroue en verminderde produksie?
- A Trog
 - B Piek
 - C Uitbreiding
 - D Resessie
- 30.** Watter van die volgende is 'n voorbeeld van 'n leidende ekonomiese aanwyser wat gebruik word om toekomstige sakesiklusse te voorspel?
- A Aandelemark tendense
 - B BBP-groeikoerse
 - C Inflasiekoerse
 - D Werkloosheidsyfers

EKONOMIE

GRAAD 10

Olimpiade Vraestel

Ronde Twee

Punte: 30

Tyd: 1 uur

Datum: 04 Aug 2021

Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 4 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D)
Slegs een antwoord is korrek.
Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!



PROVERTO EMS OLIMPIADE 2021 – GRAAD 10

EKONOMIE

RONDE 2

BASIESE KONSEPTE EN DIE BASIESE EKONOMIESE PROBLEEM

1. Ekonomie kan die beste beskryf word as die studie van:
 - A die versameling van onbeperkte hulpbronne wat gebruik kan word om goedere te produseer om welvaart te verhoog.
 - B items wat aan menslike behoeftes voldoen en nut bied en hoe om hierdie goedere te bekom sodat een individu meer as genoeg het.
 - C 'n eenheid wat funksioneer as 'n algemeen erkende ruilmiddel om goedere vir goedere of goedere vir dienste te verruil.
 - D die vermoë van 'n verbruiker of produsent om uit 'n reeks moontlike opsies te besluit watter goed, diens of hulpbron hy wil koop of lewer.

2. 'n Ekonomiese gebruik 'n grafiek om die verband tussen die prys van 'n produk en die vraag daarna uit te beeld.

Hierdie grafiek se helling sal waarskynlik:

 - A afwaarts van links bo na regs onder wees.
 - B afwaarts van regs bo na links onder wees.
 - C opwaarts van links onder na regs bo wees.
 - D afwaarts van links onder na regs bo wees.

3. 'n Ekonomiese bepaal die verband tussen twee ekonomiese veranderlikes, naamlik die hoeveelheid van Produk Y wat gekoop word en die prys wat vir Produk Y betaal word. Haar navorsing toon dat namate die prys van Produk Y styg, die hoeveelheid aankope styg. Hierdie verhouding kan beskryf word as:
 - A positief.
 - B negatief.
 - C konstant.
 - D indirek.

4. Die volgende foto's toon verskillende goedere.

Watter klassifikasie is korrek?



	VRYE GOEDERE	PRIVAATGOEDERE	PUBLIEKE GOEDERE
A	Skets 2	Skets 1	Skets 3
B	Skets 3	Skets 2	Skets 1
C	Skets 2	Skets 3	Skets 1
D	Skets 3	Skets 1	Skets 2

5. Inentings vir Covid-19 word gratis toegedien aan mense sonder 'n mediese fonds en teen lae koste aan mense met 'n mediese fonds.

Die entstof kan die beste beskryf word as 'n:

- A** vrye goed.
- B** privaat goed.
- C** openbare goed.
- D** meriete goed.

SIRKELVLOEI EN KWANTITATIEWE ELEMENTE

6. Watter deelnemers sal jy in 'n geslote ekonomie vind?

- A** Die staat, buitelandse sektor, finansiële sektor en sosiale sektor.
- B** Die staat, buitelandse sektor en finansiële sektor.
- C** Ondernemings, huishoudings en die staat.
- D** Ondernemings, huishoudings en die buitelandse sektor.

7. Die volgende is stellings rakende die sirkelvloei-model soos gebruik in die makro-ekonomie:

Stelling 1	Goedere en dienste vloei van besighede na individue en individue verskaf hulpbronne vir produksie (arbeid) aan die besighede.
Stelling 2	Geld vloei van individue na besighede as verbruikersbesteding aan goedere en dienste.
Stelling 3	Geld vloei van besighede na individue as persoonlike inkomste.

Watter van hierdie stellings is waar?

- A Stelling 1 en stelling 2.
 - B Stelling 2 en stelling 3.
 - C Al drie stellings is vals.
 - D Al drie stellings is waar.
8. Die vloei van produkte in die sirkelvloei-model verteenwoordig die:
- A werklike vloei van goedere.
 - B werklike vloei van produksiefaktore.
 - C werklike vloei van geld.
 - D monetêre vloei van goedere en dienste.
9. Watter een van die volgende stellings is waar?
- A As inspuitings groter is as lekkasies, sal die land se nasionale inkomste verhoog.
 - B As inspuitings groter is as lekkasies, sal die land se nasionale inkomste afneem.
 - C Uitvoer, beleggings en besparings moet gelyk wees aan die nasionale inkomste van 'n land, anders sal lekkasies te klein wees.
 - D Invoer, staatsuitgawes en belasting vorm deel van inspuitings en verhoog die land se nasionale inkomste.
10. 'n Suid-Afrikaanse ingenieursfirma werk aan 'n wolkekrabber in Londen. Die vergoeding wat die Suid-Afrikaanse firma aan hierdie werkers betaal:
- A sal by die BBP van Suid-Afrika en die Verenigde Koninkryk gevoeg word.
 - B sal nie by die BBP van Suid-Afrika of die Verenigde Koninkryk gevoeg word nie.
 - C sal by die BBP van Suid-Afrika gevoeg word.
 - D sal by die BBP van die Verenigde Koninkryk gevoeg word.

SAKESIKLUSSE

Skerp insinking in die BBP namate COVID-19 sy tol eis.

Die bruto binnelandse produk (BBP) het tussen die eerste en tweede kwartaal van 2020 met net meer as 16% gedaal, wat 'n jaarlikse groei koers van -51% gelewer het. Dit verdwerg die jaarlikse verlangsameing van 6,1% wat in die eerste kwartaal van 2009 tydens die wêreldwye finansiële krisis aangeteken is.

Bron: <http://www.statssa.gov.za/?p=13601> (vrylik vertaal)

11. Die jaarlikse groei koers van -51% beteken die ekonomie het:
- A in die laaste kwartaal met 51% afgeneem.
 - B die afgelope maand op 'n maand-tot-maand basis met 51% afgeneem.
 - C die afgelope jaar met 51% afgeneem.
 - D die afgelope jaar 51% van buitelandse beleggings verloor.

12. Die sterk insinking in die BBP kan die beste beskryf word as 'n:
- A uitbreiding.
 - B inkrimping.
 - C trog.
 - D depressie.
13. Die verlansaming waarna verwys word, dui op 'n situasie waarin die BBP byvoorbeeld met ____ in jaar een en met ____ in jaar twee groei.
- A 3%; 5%
 - B 5%; 3%
 - C 3%; -5%
 - D 5%; -3%

14. Watter een van die volgende beskryf die herstelfase van 'n sakesiklus die beste?

	RENTEKOERSE	VRAAG	WERKLOOSHEID	UITSET
A	hoog	verhoog	verlaag	verhoog
B	hoog	verlaag	verhoog	verlaag
C	laag	verhoog	verlaag	verhoog
D	laag	verlaag	verlaag	verhoog

15. Enige meetbare of waarneembare veranderlike van belang wat 'n verandering of beweging in 'n ander datareeks, proses, tendens of ander verskynsel van belang in die ekonomie voorspel voordat dit plaasvind, staan bekend as 'n:
- A sloerende aanwyser.
 - B leidende aanwyser.
 - C samevallende aanwyser.
 - D kernaanwyser.

DINAMIEK VAN MARKTE

16. Die wet van dalende marginale nut is gebaseer op verskillende aannames.
- Watter een is korrek?
- A Die nut wat 'n verbruiker kry, kan gemeet word en in irrasionele getalle uitgedruk word.
 - B Die maksimum prys wat 'n verbruiker bereid is om vir die kommoditeit te betaal, hang af van die totale nut daarvan.
 - C Die smaak en voorkeur van die verbruiker bly onveranderd gedurende die tydperk van aankope.
 - D Die marginale nut van die eerste eenheid wat gebruik is, hou geen verband met die marginale nut van die volgende eenheid wat gebruik word nie.

17. Die volgende tabel toon die totale nut (TU) wat verkry word uit die verbruik van eenhede sjokolade.

Eenhede	1	2	3	4	5	6
TU in utils	10	15	20	22	22	20

Watter eenheid sjokolade stel zero (nul) nut voor?

- A Sjokolade 6
 - B Sjokolade 5
 - C Sjokolade 4
 - D Sjokolade 3
18. As die prys van Produk W styg, sal dit lei tot 'n:
- A verskuiwing van die vraagkromme na links.
 - B verskuiwing van die vraagkromme na regs.
 - C beweging langs die vraagkromme na links.
 - D beweging langs die vraagkromme na regs.
19. Die vraagkurwe vir SoSo's, 'n nuwe sjokolade, het 'n negatiewe helling.

Watter stelling is korrek?

- A Die helling van die vraagkurwe weerspieël die wet van die hoeveelheid gevra.
 - B 'n Enkele punt op hierdie kurwe verwys na die vraag.
 - C Die helling is negatief omdat verhoogde verbruik die marginale voordeel sal verlaag.
 - D Verbruikers sal meer teen 'n hoër prys gebruik.
20. Die vraag- en aanbodkurwes vir GoGo's is soos volg:

$$\text{Vraag} - Q_d = 12\,750 - 2P$$


$$\text{Voorraad} - Q_s = 3\,950 + 6P$$

Die ewewigsprys en ewewigshoeveelheid onderskeidelik vir GoGo's is:

	EKWILIBRIUM PRYS	EKWILIBRIUM HOEVEELHEID
A	1 100	10 550
B	10 550	1 100
C	4 175	4 400
D	4 400	4 175

PRODUKSIEMOONTLIKHEIDSKURWES

Beskou die volgende kurwe van Land X en beantwoord vrae 21 tot 26.



21. Die ekonomie van Land X is negatief beïnvloed deur Covid-19.
As sodanig sal die produksiemoontlikheid verander vanaf:
- A punt A tot punt B.
 - B punt C tot punt B.
 - C P2P2 tot P1P1.
 - D P1P1 tot P2P2.
22. Die ekonomie van Land X sal by punt C funksioneer indien die land:
- A regeer word deur die staat.
 - B nie sy hulpbronne ten volle benut nie.
 - C meer goedere uitvoer as wat dit invoer.
 - D nut en verbruik maksimeer.
23. Ongeskoolde arbeid word gebruik in die produksie van Produk Y en hoogs geskoolde arbeid word gebruik in die produksieproses van Produk Z. As Land X die meerderheid van hul geskoolde arbeiders verloor, sal die produksiemoontlikheid verander van:
- A punt A tot punt B.
 - B punt B tot punt A.
 - C punt A tot punt C.
 - D punt B tot punt D.
24. 'n Verskuiwing in die kurwe van P2P2 na P1P1 kan veroorsaak word deur:
- A 'n afname in vraag.
 - B 'n toename in staatsuitgawes.
 - C 'n afname in werkers se produktiwiteit.
 - D produktiewe doeltreffendheid.

WALTER SISULU UNIVERSITY

Study with us.

CHOOSE FROM OVER

170

PROGRAMMES

IN OUR 7 FACULTIES SITUATED
IN THE EASTERN CAPE

Applications open from 1 April 2024

Kindly note that applications close on 31 October 2024 for SA applicants, and closes on 30 September 2024 for international applicants.

visit www.wsu.ac.za to

Apply >>>

You may also scan QR Code



@WalterSisuluUni

www.wsu.ac.za

WSU
Walter Sisulu University
In pursuit of excellence

25. As Land X by punt C produseer, word dit gesien as:


- A ondoeltreffende allokering.
- B maksimum insette.
- C toekenningsdoeltreffendheid.
- D maksimum uitsette.

26. Die helling van die produksiemoontlikheidskromme toon:

- A vraag.
- B aanbod.
- C geleentheidskoste.
- D marginale nut.

OPENBARE SEKTOR SE BETROKKENHEID EN INGRYPING IN DIE MARK

Bestudeer die volgende vraag- en aanbodkurwe van Produk H en beantwoord vrae 27 en 28.



27. 'n Prysplafon word ingestel teen 'n laer prys as die ewewigsprys.

Wat sal die uitwerking hiervan wees?

	HOEEVEELHEID GEVRA	HOEEVEELHEID AANGEBIED	EFFEK
A	verhoog	verlaag	tekort
B	verhoog	verlaag	surplus
C	verlaag	verhoog	tekort
D	verlaag	verhoog	surplus

28. Produk H is 'n noodsaaklike produk en daarom besluit die regering om die BTW-koers op Produk H tot 0% te verlaag.

Wat sal die uitwerking hiervan wees?

- A Die aanbodkurwe sal na regs skuif; dus sal die ewewigsprys verlaag en die ewewigshoeveelheid verhoog.
- B Die aanbodkurwe sal na links skuif; dus sal die ewewigsprys verlaag en die ewewigshoeveelheid verhoog.
- C Die vraagkurwe sal na regs skuif; dus sal die ewewigsprys verhoog en die ewewigshoeveelheid verhoog.
- D Die vraagkurwe sal na links skuif; dus sal die ewewigsprys verlaag en die ewewigshoeveelheid verlaag.

29. Die regering beperk die administrasiefooi vir Covid-entstowwe tot R70.

Dit is 'n voorbeeld van:

- A** 'n prysplafon.
- B** 'n prysvloer.
- C** 'n ewewigsprys.
- D** 'n markprys.

30. Die regering implementeer 'n subsidie per eenheid. As gevolg hiervan verander die ewewigshoeveelheid met 20% tot 210 eenhede en die ewewigsprys van R50 tot R40.

Die subsidie kos die regering:

- A** R420
- B** R350
- C** R168
- D** R84

EKONOMIE

GRAAD 10

Olimpiade Vraestel

Ronde Twee

Punte: 30

Tyd: 1 uur

Datum: 3 Augustus 2022

Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 4 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D)
Slegs een antwoord is korrek.
Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!



BASIESE EKONOMIESE KONSEPTE

1. Produk A kan beskryf word as 'n behoefte en Produk B kan beskryf word as 'n begeerte. Watter van die volgende stellings onderskei die beste tussen Produk A en Produk B?
 - A Produk A is noodsaaklik vir oorlewing, terwyl Produk B addisionele goedere is wat verbruikers kan bekostig.
 - B Produk A word gerugsteun deur die vraag, terwyl Produk B nie deur die vraag gerugsteun word nie en as sodanig 'n behoefte is.
 - C Produk A en Produk B is nodig om die lewenstandaard te verbeter en is dus in wese dieselfde ding.
 - D Produk A word verlang, net soos Produk B. Produk B is egter nie nodig nie.

2. 'n Ekoonom bepaal die uitwerking van COVID-19 op die produksie van goedere in Suid-Afrika gedurende 2021. Dit kan beskou word as deel van:
 - A mikro-ekonomie.
 - B makro-ekonomie.
 - C openbare ekonomie.
 - D ontwikkelingseconomie.

3. Watter een van die volgende beïnvloed nie positiewe ekonomie nie?
 - A Statistiese data verkry.
 - B Feite verkry deur navorsing.
 - C Waarneming van verskynsels.
 - D Mense se menings oor kwessies.

4. Watter een van die volgende modelle sal deur 'n mikro-ekoonom gebruik word?
 - A Die vraag- en aanbodgrafiek vir Produk Y.
 - B Die Lorenz-kurwe.
 - C Die produksie-moontlikheidskurwe van Land A.
 - D Die sirkelvloei-ekonomiese model.

BASIESE EKONOMIESE PROBLEEM

5. 'n Huishouding ruil surplusgroente wat hulle gekweek het, vir eiers wat die bure se hoenders gelê het. Dit kan beskryf word as:
 - A direkte produksie.
 - B ruilhandel.
 - C indirekte oordragte.
 - D besteding.

6. Arbeid is 'n faktor van produksie omdat:
 - A die waarde daarvan in die ekonomie vermeerder kan word.
 - B hoe meer produktief dit is, hoe hoër is die produktiewe doeltreffendheid.
 - C dit 'n hulpbron is wat kan bydra tot uitset.
 - D die koste daarvan verminder kan word indien nodig.

7. Produk T is 'n ekonomiese goed. Produk T:
- A het geleentheidskoste.
 - B is 'n produksiefaktor.
 - C verhoog ekonomiese doeltreffendheid.
 - D is die teenoorgestelde van Produk S wat 'n openbare goed is.
8. Ekonomie probeer om die probleem van skaarsheid te verlig deur te verseker dat hulpbronne optimaal gebruik word. Watter een van die volgende is nie 'n bron van kommer vir ekonomie nie?
- A Waarvoor hulpbronne gebruik word.
 - B Waar hulpbronne gebruik word.
 - C Hoe hulpbronne gebruik word.
 - D Wie voordeel trek uit die resultaat van die hulpbronne wat gebruik word.
9. Watter van die volgende beskryf die konsep **skaarste** die beste?
- A Die hoeveelheid wat gevra word, is groter as die hoeveelheid wat teen die basisprys verskaf word.
 - B 'n Marktoestand van 'n spesifieke goed teen 'n spesifieke prys.
 - C 'n Uitwaartse verskuiwing van die vraagkurwe terwyl die aanbod konstant bly.
 - D 'n Natuurlike beperking op die hulpbron wat nie aangevul kan word nie.
10. 'n Graad 12-leerder beplan om volgende jaar universiteit toe te gaan. Die totale koste van klasgelde en boeke is R50 000. Die koste van verblyf in 'n universiteitskoshuis is R25 000. As sy nie universiteit toe gaan nie, sal sy by die huis by haar ouers bly. Haar totale kamerhuur en verblyf sal R5 000 beloop. Boonop sal sy kan werk en R100 000 vir die jaar kan verdien.
- Wat sal die geleentheidskoste wees om universiteit toe te gaan in terme van verblyf alleen?
- A R5 000
 - B R20 000
 - C R25 000
 - D R50 000

DIE SIRKELVLOEIDIAGRAM

11. Die drie belangrikste vloei in die makro-ekonomiese model is:
- A vraag, aanbod en ewewig.
 - B faktore van produksie, indiensneming en vergoeding.
 - C C+I+G.
 - D produksie, inkomste en uitgawes.
12. Watter van die volgende is inspuittings in die sirkelvloei van inkomste?
- A Besparing, belegging, uitvoere en belasting.
 - B Belegging, belasting en invoer.
 - C Besparing, belasting en invoer.
 - D Belegging, staatsbesteding en uitvoere.

13. Watter kombinasie is 'n voorbeeld van 'n finale goed en 'n intermediêre goed?

	Finale goed	Intermediêre goed
A	'n Nuwe iPad gekoop deur 'n leerder.	'n Nuwe skootrekenaar gekoop deur 'n besigheid.
B	'n Nuwe handboek gekoop deur 'n leerder.	'n Gebruikte handboek gekoop deur 'n leerder.
C	'n Tenk petrol deur jou gekoop vir jou bromponie.	Vliegtuigbrandstof gekoop deur Kulula.
D	'n Nuwe fiets gekoop deur 'n leerder.	'n Gebruikte bakkie wat deur 'n tweedehandse motorhandelaar gekoop is.

BESIGHEIDSIKLUSSE

14. Gedurende die ___ fase van die sakesiklus sal beide rentekoerse en inflasie op hul laagste vlakke wees.

- A uitbreiding
- B herstel
- C depressie
- D resessie

15. Die huidige inval in die Oekraïne kan veranderinge in die vlak van ekonomiese aktiwiteite in die Oekraïne veroorsaak. Die redes vir hierdie verandering kan die beste beskryf word as _____ redes.

- A eksogene
- B endogene
- C strukturele
- D ekonomiese

16. Sloerende aanwysers is aanwysers wat normaalweg:

- A in dieselfde rigting verander as wat die ekonomie verander.
- B in 'n ander rigting verander as wat die ekonomie verander.
- C reageer op 'n verandering in die ekonomie nadat die veranderinge plaasgevind het.
- D geen effek toon wanneer die ekonomie verander nie.

17. Neigings is 'n voorbeeld van voorspellings gebaseer op:

- A historiese data.
- B ekonometriese modelle.
- C ekstrapolasie.
- D bewegende gemiddeldes.

DINAMIKA VAN MARKTE

18. Die totale nut wat verkry word uit die gebruik van opeenvolgende eenhede van Produk P neem af. Marginale nut is:

- A toenemend.

- b negatief.
- c positief.
- d nul.

19. Watter van die volgende tipes ekonomie beskryf die ekonomie van die RSA?

- A 'n Bevelsekonomie.
- B 'n Markekonomie.
- C 'n Gemengde ekonomie.
- D 'n Beplande ekonomie.

